basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE IS DIE LEWENS VAN BERLYNERS IN 1961 DEUR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR GEAFFEKTEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wanneer, volgens die bron, het die oprigting van die Berlynse Muur begin? (1 x 1) (1)

1.1.2 Gee EEN rede in die bron waarom die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) die Berlynse Muur opgerig het. (1 x 1) (1)

1.1.3 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik waarom jy dink die oorloop (vlug) van mense na die Weste in 1961 uiteindelik die volgende skade berokken het:

(a) 'die geloofwaardigheid van die DDR' (1 x 2) (2)

(b) 'die arbeidsmag van die DDR' (1 x 2) (2)

1.1.5 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat 'die Weste van Berlyn binne een dag heeltemal van die Ooste afgesluit is'. (2 x 1) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer DRIE insidente in die bron waarvan Hans Peters om 2.20 vm. (13 Augustus 1961) getuie was, terwyl hy grensdiens in die Franse Sektor van Wes-Berlyn verrig het. (3 x 1) (3)

1.2.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die woorde: 'Alle ritte na Berlyn is verby', in die konteks van wat op 13 Augustus 1961 gebeur het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer 'n beskrywing van wat die oggend van 13 Augustus 1961 gebeur het, nagevors word. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1A en Bron 1B. Verduidelik hoe inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun rakende gebeure wat op 13 Augustus 1961 in Berlyn plaasgevind het. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik Bron 1C.

1.4.1 Waarom, volgens die bron, was Noffke die aand voor die oprigting van die Berlynse Muur in Wes-Berlyn? (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik die konsep *kapitalistiese* in die konteks van Wes-Berlyn. (1 x 2) (2)

1.4.3 Watter gevolgtrekkings kan gemaak word oor die feit dat Noffke en 'n groep bereid was om 'n tonnel van 200 jaart te grawe om hulle families na die Weste te smokkel? (2 x 2) (4)

1.4.4 Hoe, volgens die bron, was die Oos-Duitse (Stasi) geheime polisie in staat om met die volgende af te reken nadat die tonnelgrawers hulle werk afgehandel het:

(a) Noffke (1 x 1) (1)

(b) Noffke se kollegas (1 x 1) (1)

(c) Noffke se vrou (1 x 1) (1)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik of jy die woorde: 'Die manne is besig om al hoe meer senuagtig ("jumpy") te raak soos wat die Berlynse Krisis verdiep, Kameraad …', as 'n geskikte onderskrif vir die spotprent sou beskou. (1 x 2) (2)

1.5.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die boodskap op die naambord in die Westerse Sektor: '… OORLOPERS WELKOM'. (1 x 2) (2)

1.5.3 Tot watter gevolgtrekking kan jy kom oor die lyftaal van die twee generaals op die voorgrond, in die konteks van oorlopery wat besig was om plaas te vind? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die lewens van Berlyners in 1961 deur die oprigting van die Berlynse Muur geaffekteer is. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE NEDERLAAG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG (SAW) BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE IN ANGOLA IN DIE LAAT 1980's TOT VREEDSAME ONDERHANDELINGE IN SUIDELIKE AFRIKA GELEI?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Maak 'n lys van VIER militêre magte in die bron wat by die finale konfrontasie by die Slag van Cuito Cuanavale betrokke was. (4 x 1) (4)

2.1.2 Definieer die term *soewereiniteit* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die belangrikheid van Angola se lugoormag gedurende die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'dit in suidelike Afrika belangrik (was) dat wit Suid-Afrikaners deur koeëls doodgemaak kon word wat deur swart Afrikane en swart Kubane afgevuur is', in die konteks van die Angolese oorlog. (1 x 2) (2)

2.1.5 Verduidelik die beperkings van die bron vir 'n historikus wat die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navors. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Gee TWEE redes in die bron waarom die Amerikaanse regering 'n geheime plan in Angola geïmplementeer het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Verduidelik waarom Amerika Mobutu en Suid-Afrika gebruik het om gedurende die Slag van Cuito Cuanavale in te gryp. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op waarom Castro geglo het: 'Daar het geen moontlikheid van 'n suksesvolle uitkoms in Angola bestaan sonder die politieke en logistieke ondersteuning van die Sowjetunie … nie.' (1 x 2) (2)

2.2.4 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat daarop dui waarom Suid-Afrika 'om die onderhandelingstafel (moes) sit'. (2 x 1) (2)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. (1 x 2) (2)

2.3.2 Wat, dink jy, was die belangrikheid van die teenwoordigheid van die Verenigde Nasies se Sekretaris-generaal gedurende die ondertekening van die Driesydige Verdrag? (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2A en 2C. Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2C ondersteun met betrekking tot die ondertekening van die Driesydige Verdrag. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer, in die bron, enige TWEE magte/partye wat gedurende die Angolese Burgeroorlog 'n gekombineerde aanval op die Angolese (MPLA) uitgevoer het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die implikasie van Mandela se stelling: '… julle magte by die Slag van Cuito Cuanavale was waarlik van groot historiese belang.' (2 x 2) (4)

2.5.3 Hoe, volgens die bron, het die volgende gereageer toe Mandela hulle vir hulp genader het om wapens op te neem?

(a) Westerse regerings (1 x 1) (1)

(b) Kuba (1 x 1) (1)

2.5.4 Verduidelik die term *internasionalisme* in die konteks van Kuba se buitelandse beleid. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by die Slag van Cuito Cuanavale in Angola in die laat 1980's tot vreedsame onderhandelinge in suidelike Afrika gelei het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WAAROM HET BURGERREGTE-OPTOGGANGERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) DIE OPMARS NA WASHINGTON OP 28 AUGUSTUS 1963 GEORGANISEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat organiseerders die Opmars na Washington as meer as net 'n betoging beskou het. (1 x 1) (1)

3.1.2 Noem enige TWEE maniere in die bron waarop die organiseerders wou hê die Opmars 'n gedissiplineerde en doelgerigte betoging moes wees. (2 x 1) (2)

3.1.3 Na wie, dink jy, word as 'bose mense vasbeslote … om hierdie Opmars swart te smeer en om die saak van gelykheid in onguns te bring (twyfel daaroor te laat ontstaan) deur doelbewuste pogings', verwys met betrekking tot die voorbereidings vir die Opmars na Washington in 1963? (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'Ons versoek almal wat … aanwesig is om die saak (Opmars na Washington) bo alles te stel.' (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Definieer die term *burgerregte* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.2 Wat, volgens die bron, het die burgerregte-optoggangers geëis toe hulle by die Lincoln Memorial saamgekom het? (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik die belangrikheid van die teenwoordigheid van baie leiers op verskillende gebiede wat die geleentheid gekry het om die optoggangers toe te spreek. (2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar op waarom die 'Ek Het 'n Droom'-toespraak as histories betekenisvol beskou kan word. (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Noem enige TWEE eise in die bron wat deur die optoggangers gestel is wat op 28 Augustus 1963 aan die Opmars na Washington deelgeneem het. (2 x 1) (2)

3.3.2 Waarom, dink jy, het die fotograaf besluit om hierdie foto te neem? (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun met betrekking tot die aktiwiteite op die dag van die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Gee TWEE redes in die bron wat daarop dui dat President Kennedy die Opmars na Washington ondersteun het. (2 x 1) (2)

3.5.2 Volgens die bron, gee TWEE redes waarom die President geglo het dat die organiseerders van die Opmars die waardering van die VSA se regering verdien het. (2 x 1) (2)

3.5.3 Verduidelik die term *diskriminasie* in die konteks van die Burgerregtebeweging in die VSA. (1 x 2) (2)

3.5.4 Haal enige wet/programme uit die bron aan wat deur die Kongres verorden (aangeneem) moes word om diskriminasie in indiensneming te elimineer. (1 x 1) (1)

3.5.5 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer die reaksie van die VSA-regering op die Opmars na Washington bestudeer word. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom burgerregte-optoggangers in die VSA die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963 georganiseer het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Verduidelik tot watter mate die tegnologiese superioriteit van die Amerikaanse weermag nie kon help om 'n klein weermag van Viëtkong-guerrillas in die Viëtnamese Oorlog tussen 1962 en 1973 te verslaan nie.

Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide, wat hy na onafhanklikheidswording in die 1960's in die Kongo ingestel het, was anti-koloniaal van aard.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Die Swartmagbeweging het in die 1960's 'n militante benadering aangeneem om diskriminasie teen swart Amerikaners in die VSA uit te daag.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die Swartmagfilosofie. Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2024**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: HOE IS DIE LEWENS VAN BERLYNERS IN 1961 DEUR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR GEAFFEKTEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel 'Berlin Local Life' wat op 31 Maart 2015 deur D Rhodes in die *Travel Guide* geskryf is. Dit verduidelik waarom die Berlynse Muur in Augustus 1961 opgerig is.

Oprigting van die Berlynse Muur het vroegoggend op Sondag 13 Augustus 1961 begin. Dit was 'n desperate poging – 'n doelgerigte (effektiewe) stap deur die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) – om te keer dat Oos-Berlyners uit die Sowjet-beheerde Oos-Duitse staat na die Weste van die stad ontsnap, wat toe deur die Amerikaners, Britte en Franse beset is.

Berlyn se unieke situasie as 'n stad in die middel van die Sowjet-besettingsone van Duitsland, waarvan die helfte deur Westerse magte beheer is, het dit 'n fokuspunt vir spanning tussen die Geallieerdes en die Sowjette gemaak waar botsende ideologieë langs mekaar toegepas is.

Soos wat meer en meer mense in die Sowjet-beheerde Ooste egter deur kommunisme en die toenemende onderdrukkende ekonomiese en politieke omstandighede ontnugter (teleurgestel) is, het 'n groeiende aantal begin om oor te loop (weg te loop) na die Weste. Daar is beraam dat teen 1961 ongeveer 1 500 mense per dag na die Weste gevlug het, wat beide die geloofwaardigheid en, nog belangriker, die arbeidsmag van die DDR, skade berokken het. Gerugte oor 'n muur het spoedig begin versprei en dit was nie lank daarna wat daardie gerugte 'n konkrete realiteit geword het nie.

Gedurende 'n meesterlik beplande operasie, wat net 24 uur geneem het, is die strate van Berlyn opgebreek, versperrings met plaveistene is opgerig, tenks is by kritieke plekke en duikweë ontplooi en plaaslike spoorwegdienste is onderbreek, sodat die Weste van Berlyn binne een dag heeltemal van die Ooste afgesluit is. Vanaf daardie selfde dag is inwoners van Oos-Berlyn en die DDR nie meer toegelaat om die Weste van die stad binne te gaan nie – die 60 000 wat pendelaars (reisigers) was, ingesluit.

[Uit 'Berlin Local Life', *Travel Guide* deur D Rhodes]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek met die titel *The Great Power Conflict After 1945* deur P Fisher wat 'n historikus was. Dit sit die beskrywings uiteen van polisiesersant, Hans Peters, en hotelwerker, Ursula Heinemann, wat ooggetuies was van die gebeure wat op 13 Augustus 1961 in Berlyn plaasgevind het.

Hans Peters was op grensdiens in die Franse Sektor van Wes-Berlyn. Ses vragmotors met brandende hoofligte het om 2.20 vm. met 'n geraas na hom toe aangery gekom. Hulle het tagtig jaart [1 jaart = 0,914 meter] van hom af gestop. Die straat was binne oomblikke vol gewapende soldate wat masjiengewere opgestel het wat op die Franse Sektor gerig was. Twee wagte wat rolle doringdraad gedra het, het nadergekom. By die onsigbare grenslyn tussen die Sowjet en die Franse Sektore het die troepe die straat afgesper (geblokkeer). In die huise het niemand geroer (beweeg) nie.

Ursula Heinemann het om 4.45 vm. in haar Oos-Berlynse woonstel vir nog 'n werksdag by die Plaza Hotel in Wes-Berlyn wakker geword. Sy het na die nabygeleë stasie gestap en na die kaartjietoonbank gegaan. 'Nein! Nein! [Nee! Nee!] Vat jou pfennigs (geld) terug! Alle ritte na Berlyn is verby.' Ursula het op daardie oomblik gesien dat vyf gewapende Oos-Duitse vervoerpolisiemanne na haar toe op pad was. Sy het omgedraai en na haar woonstel teruggehardloop. 'Hulle het die grens gesluit!' Die trapportaal en gange van die woonstelle was baie vinnig vol mense wat geskree en gehuil het. Sy het besluit dat sy na die Weste moes oorloop. Maar hoe? Sy het naby die Amerikaanse Sektor deur 'n boord (plantasie) gesluip en die doringdraadgrens bereik. Ursula het op haar maag vorentoe gekruip. Sy het gevoel hoe skeur die doringdraad haar vel. Sy het uiteindelik 'n grenspos bereik. 'n Oomblik later was sy in Wes-Berlyn.

Oos-Duitse polisie en soldate het teen vroegoogend die stad in twee gesny (verdeel). Die afbakeningsoperasie het voortgegaan. Slegs 'n paar kruispunte (grensposte) het oopgebly, beskerm deur tenks, pantsermotors en waterkanonne. Party mense was nogtans vasberade om hulle lewens te waag om van Oos na Wes oor te loop.

[Uit *The Great Power Conflict After 1945* deur P Fisher]

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n koerantartikel met die titel 'Revealed: Tragic Victims of the Berlin Wall', deur T Paterson vir die Britse *The Independent*-koerant wat op 12 Augustus 2006 verskyn het. Dit vestig die aandag op die Oos-Berlyners se reaksie op die oprigting van die Berlynse Muur.

Siegfried Noffke was 'n 22-jarige wat van sy gesin geskei is deur 'n belangrike, tragiese (hartseer) gebeurtenis wat die wêreld verstom het. Noffke, 'n Oos-Berlyner, het daardie aand by familie in kapitalistiese Wes-Berlyn gekuier. Soos honderde ander het hy die oggend van 13 Augustus na 'n kruispunt (grenspos) na Oos-Berlyn teruggekeer, maar gevind dat dit deur grenspolisie met masjiengewere afgesper (geblok) is. Sy enigste kans vir kontak met sy vrou en dogter, wat in Oos-Berlyn was, was om oor die doringdraadskeiding vir hulle te waai.


Hy het besluit dat sy enigste kans was om sy gesin na die Weste te smokkel. Hy het by 'n groep aangesluit wat begin het om 'n tonnel van Wes-Berlyn se Sebastian Strasse, in die vervalle distrik van Kreuzberg, te grawe met die doel om onder die Muur in Oos-Berlyn se Heinrich Heine Strasse, 'n afstand van ongeveer 200 jaart, deur te breek.

Die tonnelgrawers het die oggend van 28 Junie 1962 byna hulle doelwit bereik. Minder as 'n jaart se grond het hulle van 'n kelder in 'n huis in die Oos-Berlynse straat geskei. Maar toe Noffke en sy span deurbreek, is hulle deur Oos-Berlyn se berugte Stasi geheime polisie ingewag. Noffke, een van die eerstes uit, is onmiddellik met 'n masjiengeweer doodgeskiet. Sy kollegas is in hegtenis geneem en het weens 'anti-regeringsprovokasie' (uitdaag van die regering) tereggestaan. Jurgen Henning, 'n Stasi-mol (spioen), het al aan die begin, sonder die wete van die tonnelgrawers, by die groep aangesluit en die Oos-Berlynse owerhede ten volle oor hulle aktiwiteite ingelig. Noffke se vrou is in Oos-Berlyn weens 'anti-Kommunistiese sameswering (sameswering teen kommunisme)' tronk toe gestuur.

[Uit *The Independent*-koerant, 12 Augustus 2006]

**BRON 1D**

Die spotprent hieronder, deur J Hook, het op 29 Augustus 1961 in *The Mercury*-koerant in Australië verskyn. Dit beeld Oos-Berlynse soldate uit wat probeer om na die Westerse Sektor van Berlyn oor te loop.




**'Die manne is besig om al hoe meer senuagtig ('jumpy'') te raak soos wat die Berlynse Krisis verdiep, Kameraad …'**

[Uit https://www.geoffhook.com/archive/get_archive.cgi?image=1961/08/jeff290861 Toegang op 10 Maart 2024 verkry.]

**DIE MUUR IS OPGERIG DEUR DIE WARE KOMMUNISTIESE BLOK VIR DIE BESKERMING VAN DIE GOEIE KOMMUNISTE**

**AANDAG!**
**WESTERSE SEKTOR-OORLOPERS WELKOM**

**VRAAG 2: HOE HET DIE NEDERLAAG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG (SAW) BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE IN ANGOLA IN DIE LAAT 1980's TOT VREEDSAME ONDERHANDELINGE IN SUIDELIKE AFRIKA GELEI?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die boek, *The Mission: A Life for Freedom in South Africa*, deur D Goldberg, 'n wit anti-apartheid-aktivis. Dit verduidelik hoe Kuba en sy bondgenote daarin geslaag het om die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) uit Cuito Cuanavale, in Oos-Angola, te verdryf.

1987 was 'n keerpunt in suidelike Afrika. Die finale konfrontasie het by Cuito Cuanavale in Oos-Angola plaasgevind tussen Kubaanse en Angolese militêre magte wat gesamentlik die Suid-Afrikaanse magte en Savimbi se National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) gekonfronteer het. Dit was die grootste geveg op die Afrika-kontinent sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Die Suid-Afrikaanse weermag, wat met die steun van die Amerikaners opgeruk het, moes terugtrek.

Die Kubaanse bydrae was enorm en hulle moes ná hulle hulp in die stryd vir die erkenning van Angola se soewereiniteit, al hulle magte ná die Suid-Afrikaanse weermag se nederlaag by Cuito Cuanavale onttrek. Die Sowjetunie se bydrae was ook enorm. Die bou van die radar(verklikker)-netwerk en die gevegsvliegtuigbeskerming wat Angola lugoormag teen Suid-Afrika gebied het, was krities. Op 'n sielkundige vlak was dit in suidelike Afrika belangrik dat wit Suid-Afrikaners deur koeëls doodgemaak kon word wat deur swart Afrikane en swart Kubane afgevuur is. Om wit te wees, het nie apartheid se soldate koeëlvas gemaak nie.

In 1988, een maand voor die einde van Ronald Reagan se presidentskap, is die driesydige verdrag (Driesydige Verdrag), wat Namibië se onafhanklikheid verseker het, deur Angola, Kuba en Suid-Afrika in New York onderteken. Die verdrag het voorsien vir die onttrekking van alle Kubaanse militêre personeel binne 30 maande. Die linkse, ANC-goedgesinde regering in Angola het aan bewind gebly en ons saak is gewen.

[Uit *The Mission: A Life for Freedom in South Africa* deur D Goldberg]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit Fidel Castro se biografie, *My Life – Fidel Castro*, deur I Ramonet. Dit verduidelik hoe die Sowjetunie Kubaanse troepe ondersteun het om die ondersteuning wat Amerika aan Suid-Afrika gedurende die Slag van Cuito Cuanavale gegee het, teen te staan.

Die regering van die Verenigde State van Amerika het 'n geheime plan geïmplementeer om die wettige belange van die Angolese te vermorsel en 'n skynmarionetregering ('puppet government') daar te stel. 'n Sleutelpunt was 'n Amerikaanse alliansie met Suid-Afrika om sekere organisasies wat deur die Portugese koloniale regime geskep is, op te lei en toe te rus om Angola se onafhanklikheid te dwarsboom en dit in 'n kondominium (huis) vir Mobutu, die diktator van die Kongo en Suid-Afrikaanse fascisme en apartheid te verander. 'n Suid-Afrika wie se troepe Washington nie gehuiwer het om te gebruik om Angola binne te val nie.

Terwyl hulle in Angola was, het die Amerikaners reëlings getref om verskeie atoombomme, soortgelyk aan dié wat in Hirosjima en Nagasaki gebruik is, na Suid-Afrika oor te plaas. Ons het aangeneem en voorsorgmaatreëls getref dat die Suid-Afrikaners 'n kernwapen op ons troepe in Cuito Cuanavale sou laat val.

… Alhoewel die Sowjetunie nie geraadpleeg is oor Kuba se besluit om troepe na Cuito Cuanavale te stuur nie, het hulle later besluit om wapens vir die skep van die Angolese weermag te verskaf, en hulle het deur die hele oorlog positief gereageer op sekere van ons versoeke vir militêre materiaal. Daar het geen moontlikheid van 'n suksesvolle uitkoms in Angola bestaan sonder die politieke en logistieke ondersteuning van die Sowjetunie teen die magsaggressie van Suid-Afrika uit die suide en Mobutu uit die noorde nie.

Die oorweldigende oorwinning by Cuito Cuanavale en veral die verpletterende (vernederende) opmars deur die magtige front van Kubaanse troepe in suidwes-Angola het 'n einde gemaak aan buitelandse militêre aggressie teen daardie land. Die vyand moes hulle gewone arrogante geboelie sluk en om die onderhandelingstafel gaan sit.

[Uit *My Life – Fidel Castro* deur I Ramonet]

**BRON 2C**

Die foto hieronder is op 22 Desember 1988 deur die Verenigde Nasies se fotograaf, J Isaac, geneem. Dit toon die verteenwoordigers van Suid-Afrika, die Verenigde Nasies, die Verenigde State van Amerika, Angola en Kuba wat die Driesydige Verdrag onderteken.




Sittend, van links na regs is: Minister van Verdediging, Generaal Magnus Malan (Suid-Afrika); Minister van Buitelandse Sake, Roelof Frederik Botha (Suid-Afrika); die Sekretaris-generaal van die VN, Javier Perez De Cuellar; Minister van Buitelandse Sake ('Secretary of State'), George Shultz (Amerika); Minister van Buitelandse Sake, Alfonso Van Dunem (Angola); Generaal Antonio dos Santos Franca (Angola); Minister van Buitelandse Sake van Kuba, Isidoro Malmierca Peoli; en Generaal Abelardo Colomé Ibarra (Kuba).

[Uit https://www.google.com/imegres?q=tripatite%20accord%201988. Toegang op 10 Maart 2024 verkry.]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is uit 'n toespraak wat Nelson Mandela op 26 Julie 1991 by 'n byeenkoms in Matanzas, Kuba, gelewer het. Dit fokus op hoe die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by Cuito Cuanavale die magsbalans in die streek van suidelike Afrika verander het.

Ek was in die tronk toe ek die eerste keer gehoor het van die massiewe hulp (steun) wat die Kubaanse internasionalistiese magte aan die mense van Angola verskaf het, op só 'n skaal dat 'n mens gehuiwer het om te glo, toe die Angolese (MPLA) in 1975 gesamentlik deur Suid-Afrika aangeval is, het die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') die National Liberation Front of Angola (FNLA), die huursoldate (guerrillas), die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) en Zaïrese troepe gefinansier.

Ons het geweet dat die Kubaanse magte kort nadat die 1975-inval afgeweer is, gewillig was om te onttrek, maar die voortgaande aggressie van die Suid-Afrikaanse regering het dit onmoontlik gemaak. Julle teenwoordigheid en die versterking deur julle magte by die Slag van Cuito Cuanavale was waarlik van groot historiese belang. Dit is welbekend dat die regering se reaksie op ons wettige demokratiese eise was om, onder meer, ons Ieierskap van verraad aan te kla …

Ons het talle Westerse regerings vir hulp genader toe ons wou wapens opneem, maar ons kon nooit iemand behalwe die mees junior ministers spreek nie. Met ons besoek aan Kuba is ons deur die mees senior beamptes ontvang en hulle het onmiddellik wat ons ook al wou hê en nodig gehad het, aangebied. Dit was ons vroegste ondervinding van Kubaanse internasionalisme. Die beslissende nederlaag by Cuito Cuanavale het die magsbalans in die streek verander en die kapasiteit van die Suid-Afrikaanse regime om hulle bure te destabiliseer, verklein. Hierdie kombinasie, saam met ons mense se stryd in die land, was deurslaggewend om die Suid-Afrikaanse regering te laat besef dat hulle sou moes praat.

[Uit *How Far We Slaves Have Come* deur N Mandela en F Castro]

**VRAAG 3: WAAROM HET BURGERREGTE-OPTOGGANGERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) DIE OPMARS NA WASHINGTON OP 28 AUGUSTUS 1963 GEORGANISEER?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder is uit 'n oudio-opname, *Tape 108/843*, deur die hoofde van die tien Burgerregtebewegingsorganisasies. Dit lê klem op die belangrikheid van die opmars en die aandrang op dissipline deur die optoggangers gedurende die Opmars na Washington vir Werk en Vryheid op 28 Augustus 1963.

Die Opmars na Washington van 28 Augustus is meer as net 'n betoging. Dit is 'n geesdriftige petisie in lewende lywe van die duisende burgers van beide rasse wat uit alle dele van ons land teenwoordig sal wees. Dit sal ordelik, maar nie onderdanig (ondergeskik) wees nie. Dit sal trots, maar nie arrogant (met 'n groot kop) wees nie. Dit sal geweldloos, maar nie skugter (bang) wees nie. Dit sal verenig wees ten opsigte van doelwitte en gedrag, maar nie versplinter (verskeurd) in groepe en individuele mededingers nie. Dit sal uitgesproke, maar nie bakleierig (gewelddadig) wees nie.

Ons, die ondergetekendes, wat die Opmars na Washington beskou as die bymekaarbring (bymekaarmaak) van die drome, hoop, ambisies, trane en gebede van miljoene wat vir hierdie dag gelewe het, dring by lede, volgelinge en goedgesindes van ons verskillende organisasies aan om die Opmars 'n gedissiplineerde en doelgerigte betoging te maak.

Ons doen 'n beroep op almal, swart en wit, om provokasie (aanhitsing) tot wanorde en geweld te weerstaan. Ons vra dat hulle sal onthou dat bose mense vasbeslote is om hierdie Opmars swart te smeer en om die saak van gelykheid in onguns te bring (twyfel daaroor te laat ontstaan) deur doelbewuste pogings om wanorde te veroorsaak (begin). Ons dring aan op selfdissipline, sodat niemand in ons geledere (groep), al is hulle hoe entoesiasties, die oorsaak van wanorde is nie.

Ons dring aan op weerstand teen die pogings van diegene wat, alhoewel hulle nie vyande van die Opmars is nie, dit dalk wil gebruik om sake te bevorder wat nie primêr aan burgerregte of die welstand van ons land toegewy is nie. Ons versoek almal wat in Washington of in die gees tuis aanwesig is om die saak bo alles te stel.

[Uit Meetings: *Tape 108/843*. Civil Rights, 28 Augustus 1963]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is uit die boek, *The Civil Rights Movement – An Illustrated History*, deur B Wilkinson. Dit fokus op hoe aktiwiteite op die dag van die Opmars na Washington verloop het, onder meer die lewer van die 'I Have a Dream'-toespraak deur Martin Luther King Jr.

Sowat 250 000 burgerregte-aktiviste, wat deur Martin Luther King Jr. gelei is, het op 28 Augustus by die Lincoln Memorial saamgekom om volle burgerregte vir swartes te eis. 'Werk en vryheid' was die kreet van die protesgangers, wat 50 000 wittes ingesluit het. Hulle is deur 'n groot groep ondersteuners toegespreek, onder andere arbeidsleier Walter Reuther, geestelikes van baie gelowe, folksanger Joan Baez en gospelsanger Mahalia Jackson.

Die onvergeetlike sluitingsrede is deur dr. King gelewer wat die volgende jaar die Nobelvredesprys sou ontvang. Op aandrang van Mahalia Jackson wat van die podium (verhoog) uitgeroep het: 'Vertel hulle van jou droom, Martin! Vertel hulle van die droom!', het hy sy voorbereide teks (toespraak) eenkant toe geskuif en die reuse (groot) skare tot trane en vervoering (groot blydskap) beweeg met die woorde: 'Ek Het 'n Droom dat hierdie nasie sal opstaan en die ware betekenis van hulle geloof sal uitleef: "Ons glo dat hierdie waarhede vanselfsprekend is – dat alle mense gelyk geskep is." … Ek Het 'n Droom dat my vier kindertjies eendag in 'n nasie sal woon waar hulle nie volgens die kleur van hulle vel nie, maar volgens die inhoud van hulle karakter beoordeel sal word. Ek Het vandag 'n Droom.' …

'Wanneer ons vryheid laat weerklink, wanneer ons dit van elke dorpie en elke gehuggie, van elke staat en elke stad laat weerklink, sal ons die dag bespoedig wanneer al God se kinders, swart mense en wit mense, Jode en nie-Jode, Protestante en Katolieke, almal kan hande vat en die woorde van die ou Neger geestelike liedjie sing: 'Uiteindelik vry! Uiteindelik vry! Dank die almagtige God, ons is uiteindelik vry." '

[Uit *The Civil Rights Movement – An Illustrated History* deur B Wilkinson]

**BRON 3C**

Die foto hieronder is uit 'n boek met die titel *The Day They Marched*, deur DE Saunders. Dit toon burgerregte-optoggangers met plakkate gedurende die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963.




[Uit *The Day They Marched* deur DE Saunders]

**GEEN VSA-GELD OM JIM CROW TE LAAT GROOT WORD NIE**

**ONS EIS STEMREG NOU!**

**ONS EIS 'N EINDE AAN POLISIEWREEDHEID NOU!**

**ONS BETOOG VIR WERK VIR ALMAL NOU!**

**ONS BETOOG VIR HOËR MINIMUM LONE-DEKKING VIR ALLE WERKERS NOU!**

**ONS BETOOG VIR GEÏNTEGREERDE SKOLE NOU!**

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3D**

Die bron hieronder is 'n persverklaring deur President Kennedy wat op 29 Augustus 1963 in *The New York Times* verskyn het. Dit maak dit duidelik hoe beïndruk President Kennedy was met die manier waarop die Opmars na Washington verloop het.

**ONMIDDELLIKE VRYSTELLING** **28 AUGUSTUS 1963**

**Kantoor van die Withuis-perssekretaris**

DIE WITHUIS

VERKLARING DEUR DIE PRESIDENT

Ons was vandag in Washington die getuies van tienduisende Amerikaners … beide Neger***** en wit … wat hulle reg uitgeoefen het om vreedsaam bymekaar te kom en die mees wydverspreide aandag moontlik op 'n groot nasionale kwessie te vestig. Wat vandag anders is, is die verskerpte en wydverspreide openbare bewustheid van die behoefte daaraan om vorentoe te beweeg om hierdie doelwitte te bereik … doelwitte wat ouer as hierdie nasie is.

'n Mens kan nie help om beïndruk te wees met die diepe vurigheid (passie) en die stille waardigheid wat die duisende gekenmerk het wat van regoor die land in die Nasie se Hoofstad byeengekom het om hulle geloof en vertroue in ons demokratiese regeringsvorm te toon nie. Die leiers van die organisasie wat die Opmars gesteun het en almal wat daaraan deelgeneem het, verdien ons waardering vir die gedetailleerde voorbereidings wat getref is om dit moontlik te maak en vir die ordelike wyse waarop dit uitgevoer is.

Die Uitvoerende Tak van die Federale Regering sal voortgaan met hulle pogings om meer werksgeleenthede te bekom en om diskriminasie in indiensnemingspraktyke te elimineer, twee van die primêre doelwitte van die Opmars. Daarby sal ons pogings om die verordening (aanneming) van die wetsvoorstelle wat aan die Kongres gemaak is, gehandhaaf word, nie net ten opsigte van die Civil Rights Bill nie, maar ook voorstelle om die Manpower Development and Training Program en die Youth Employment Bill uit te brei en te versterk, wysigings aan die beroepsonderwysprogram, die stigting van 'n werk-studieprogram vir jongmense van hoërskoolouderdom en die verstewiging van die bepalings van volwasse basiese onderwys.

[Uit *The New York Times*, 29 Augustus 1963]

***Neger:** 'n Neerhalende naam wat in die verlede in die VSA gebruik is om na swart Amerikaners te verwys.

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Fisher, P. 1998. *The Great Power Conflict After 1945* (Nelson Thornes Publishers, Gloucestershire)

Goldberg, D. 2010. *The Mission: A Life for Freedom in South Africa* (STE Publishers, Suid-Afrika)

https://www.geoffhook.com/archive/get_archive.cgi?image=1961/08/jeff290861

https://www.google.com/imegres?q=tripatite%20accord%201988

*The Independent*-koerant, 12 Augustus 2006

Mandela, N en Castro, F. 1991. *How Far We Slaves Have Come* (Kwela Books, Kaapstad)

Meetings: *Tape 108/843*. Civil Rights, 28 Augustus 1963

Ramonet, I. 2007. *My Life – Fidel Castro* (Penguin Books, Londen)

Rhodes, D. 2015. 'Berlin Local Life', *Travel Guide* (Lonely Planet Publishers, Stad van Berlyn)

Saunders, DE. 1963. *The Day They Marched* (Johnson Publishing Company, New York)

*The New York Times*, 29 Augustus 1963

Wilkinson, B. 1997. *The Civil Rights Movement – An Illustrated History* (Crescent Books, New York)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en twee punte elk wat toegeken word (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

__________ . ________________________ . ________________________
__________________________________________ . ________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

**2.5 Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50 PUNTE

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE IS DIE LEWENS VAN BERLYNERS IN 1961 DEUR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR GEAFFEKTEER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '… vroegoogend op Sondag …'/'… 13 Augustus 1961' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '… om te keer dat Oos-Berlyners uit die Sowjet-beheerde Oos-Duitse staat na die Weste van die stad ontsnap …' (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*

- 'n Klaslose samelewing waar almal gelyk is
- 'n Politieke en ekonomiese regeringsbeleid/ideologie waar die produksiemiddele in die hande van die regering is
- 'n Politieke en ekonomiese beleid/ideologie waar individuele eienaarskap van eiendom nie toegelaat word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A –V2]*

(a)

- Leefstyl in die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) is as waardeloos beskou omdat baie mense in die onderdrukkende ekonomiese en politieke toestande van kommunisme moes leef
- Geïmpliseer dat die lewe in die Westerse Sektor/kapitalisme beter was as die lewe in die Oosterse Sektor/kommunisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Baie werkers het van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn gevlug
- Die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) is gelaat met die minder vaardige/ongeskoolde/onbekwame werkers/brain drain (uitvloei van kundigheid)/destabiliseer die ekonomie
- werksverliese/ nywerhede gesentraliseerd/geen bonusse/aansporings
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1A –V1]*

- '… die strate van Berlyn (is) opgebreek …'
- '… versperrings met plaveistene is opgerig …'
- '… tenks is by kritieke plekke en duikweë ontplooi …'
- '… plaaslike spoorwegdienste is onderbreek …'
- ' Vanaf daardie selfde dag is inwoners van Oos-Berlyn en die DDR nie meer toegelaat om die Weste van die stad binne te gaan nie' (enige 2 x 1) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B –V1]*

- 'Ses vragmotors … met 'n geraas na hom toe aangery gekom.'
- ' Hulle het tagtig jaart (1 jaart = 0,914 meter) van hom af gestop.'
- 'Die straat was binne oomblikke vol gewapende soldate wat masjiengewere opgestel het wat op die Franse Sektor gerig was.'
- 'Twee wagte wat rolle doringdraad gedra het, het nadergekom.'
- '… die troepe die straat afgesper (geblokkeer)'
- ' in die huise het niemand gerooer nie' (enige 3 x 1) (3)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B –V2]*

- Die grens tussen Oos- en Wes-Berlyn is toegemaak
- Daar was nie meer enige vrye beweging tussen Oos- en Wes-Berlyn nie/ mense aan beide was vasgekeer
- Die Ystergordyn/Koue Oorlog tussen die Sowjetunie en Amerika het spanning vererger aangesien die grens nou gesluit was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Bepaling van die betroubaarheid van bewyse uit Bron 1B –V3]*

**Die bron is BETROUBAAR omdat:**

- Dit is uit 'n boek, *The Great Power Conflict After 1945* deur by P Fisher – 'n historikus, geneem
- Dit is gebaseer op die ooggetuiebeskrywings van polisiesersant Hans Peters en/of hotelwerker Ursula Heinemann
- Die beskrywings van die ooggetuies hou verband met die werklike datum (13 Augustus 1961) van die oprigting van die Berlynse Muur
- Die beskrywings kan bevestig word deur Bron 1A, 1C en 1D met betrekking tot die oprigting van die Berlynse Muur in Augustus 1961 en die uitwerking daarvan op mense se bewegings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3. *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1B om ooreenkomste te bepaal –V3]*

- Bron 1A dui aan dat die muur opgerig is om te keer dat Oos-Berlyners na die Weste oorloop (ontsnap) en Bron 1B bevestig dit deur te noem dat ritte na Wes-Berlyn gestaak is as 'n gevolg van die oprigting van die muur
- Bron 1A noem dat tenks by kritieke plekke ontplooi is en Bron 1B verwys na pantsermotors en waterkanonne wat die kruispunte (grensposte) wat nog oopgebly het, beskerm het
- Bron 1A verwys na 'n meesterlik beplande operasie om Berlyn te verdeel en Bron 1B verwys na aksies wat op spesifieke tye plaasgevind het sodat die stad teen vroegoggend in twee verdeel (gesny) sou wees/Beide bronne verwys na die verdeling van Berlyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C –V1]*

- '… by familie gekuier …' (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Verduidelik die historiese konsep in Bron 1C –V2]*

- 'n Ekonomiese stelsel in die Westerse Sektor wat deur kapitalistiese lande, naamlik Amerika, Brittanje en Frankryk, ondersteun is
- 'n Ekonomiese stelsel waar individue vrylik uit hulle produkte kan wins maak in die Westerse Sektor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C –V2]*

- Hulle wou aan die wrede diktatorskap van die kommunistiese Duitse Demokratiese Republiek (DDR) ontsnap
- Hulle wou nie teruggaan om in Oos-Berlyn te woon nie as gevolg van die ekonomiese swaarkry wat hulle ervaar het
- Hulle was oortuig daarvan dat die lewe in Wes-Berlyn beter as in Oos-Berlyn sou wees omdat die verskaffing van noodsaaklike goedere van die Westerse magte die ekonomiese status van Wes-Berlyn sou verbeter
- Die Berlynse Muur het families/gesinne verwoes deur hulle te skei – het Berlyners onder druk geplaas om wanhopige maatreëls te tref om met hulle gesinne/families herenig te word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C –V1]*

(a) '… is onmiddellik met 'n masjiengeweer doodgeskiet' (1 x 1) (1)

(b) '… is in hegtenis geneem/en het weens "anti-regeringsprovokasie" (uitdaag van die regering) teregestaan …' (1 x 1) (1)

(c) '... tronk toe gestuur' (1 x 1) (1)

1.5

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D –V2]*

**Kandidate moet noem GESKIK of NIE GESKIK NIE**

**GESKIK**

- Dit toon dat selfs Oos-Berlynse soldate (veiligheidswagte) probeer het om na Wes-Berlyn te ontsnap (oor die muur te spring) vir 'n beter lewe
- Dit dui daarop dat desperate/ontevrede soldate 'n verskeidenheid metodes gebruik het om oor die Berlynse Muur te ontsnap na Wes-Berlyn
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GESKIK NIE**

- Die boodskap op die Muur sê dat die Muur opgerig is vir die beskerming van goeie kommuniste,maar tog probeer kommunistiese soldate ontsnap
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D –V2]*
- Die Westerse Sektor het oorlopers van Oos-Berlyn toegelaat/ aangemoedig
- Die Westerse Sektor was beter as die Oosterse Sektor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Hulle kon niks doen om oorlopers te keer nie/hulpeloos
- Hulle was nie meer besorg oor diegene wat na die Westerse Sektor oorgeloop het nie
- Hulle het geglo dat die Berlynse Krisis tot so 'n mate verdiep het, dat oorloop nie meer vermy kon word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne –V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Berlyn is in vier sones verdeel, met Amerika, Brittanje en Frankryk wat gesamentlik hulle sones as Wes-Berlyn geadministreer het, terwyl die Sowjetunie hulle s'n as Oos-Berlyn geadministreer het (Bron 1A en eie kennis)
- Die Sowjet-regering van die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het op 13 Augustus 1961 die Berlynse Muur opgerig om te keer dat Oos-Berlyners na Wes-Berlyn oorloop (ontsnap) (Bron 1A)
- Mense kon nie meer uit kommunistiese Oos-Berlyn vlug nie alhoewel dit vir hulle 'onderdrukkend' was (Bron 1A)
- Selfs diegene wat vir werk na Wes-Berlyn gereis het, kon nie meer die grens oorsteek om na Oos-Berlyn terug te keer nie (Bron 1A, B, C)
- Mense het geskree en gehuil oor die besef dat die grens tussen Oos- en Wes-Berlyn gesluit is (Bron 1B)
- Diegene was desperaat was om te ontsnap (oor te loop), moes òf in die geheim onder die doringdraad deurkruip òf waag om te sterf (Bron 1B, 1C)
- Mense aan albei kante van die grens is op 13 Augustus 1961 van hulle families/gesinne geskei (Bron 1C)
- Die enigste vorm van kontak wat geskeide mense met hulle families kon maak, was om oor die doringdraad vir mekaar te waai (Bron 1C)
- Party mense het gekies om hulle families oor die grens te smokkel (Bron 1C en eie kennis)
- Party het probeer om te herenig deur 'n tonnel te grawe (Bron 1C)
- Mense wat gevang is dat hulle die grens oorsteek, is òf doodgemaak òf hulle is tronk toe gestuur (Bron 1C en eie kennis)
- Oos-Berlyners, soldate (veiligheidswagte) ingesluit, het hulle lewens gewaag deur oor die Muur te spring – na die Westerse Sektor (Bron 1D)
- Oorlopers uit Oos-Berlyn het verskillende metodes gebruik om oor die Berlynse Muur te spring (Bron 1D)
- Ander metodes om te ontsnap is gebruik, bv. atlete het sport gebruik om oor te loop (eie kennis)
- Party mense het selfdood gepleeg deur in die Muur vas te jaag in 'n poging om te ontsnap (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die lewens van Berlyners in 1961 deur die oprigting van die Berlynse Muur geaffekteer is nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die lewens van Berlyners in 1961 deur die oprigting van die Berlynse Muur geaffekteer is**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die lewens van Berlyners in 1961 deur die oprigting van die Berlynse Muur geaffekteer is**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE NEDERLAAG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG (SAW) BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE IN ANGOLA IN DIE LAAT 1980's TOT VREEDSAME ONDERHANDELINGE IN SUIDELIKE AFRIKA GELEI?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A –V1]*
- 'Kubaanse'
- 'Angolese militêre magte'
- 'Suid-Afrikaanse magte'
- 'National Union for the Total Independence of Angola'/'UNITA' (4 x 1) (4)

2.1.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 2A –V1]*
- 'n Staat waar 'n mens totale/algehele beheer oor jouself/organisasie/land het
- 'n Toestand waar jy vry is van beheer deur 'n ander persoon/ organisasie/regering/buitelandse mag
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A –V2]*
- Dit het tot die nederlaag van die SAW gelei
- Dit het oorwinning vir die MPLA verseker
- Dit het gehelp om die Kommunistiese/Sosialistiese regering in Angola te verdedig/Dit het 'n kapitalistiese oorname van Angola deur SA/VSA/UNITA voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A –V2]*
- Die idee van wit superioriteit/oormag is uitgewis/vernietig
- Die nederlaag van die SAW in Angola was 'n hupstoot vir bevrydingsbewegings buite Suid-Afrika/sielkundige hupstoot vir Afrikane
- Die nederlaag van Suid-Afrika deur Angola het 'n weg vir ander streekslande, bv. Namibië, oopgemaak om hulle onafhanklikheid van Suid-Afrika te verkry.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Bepaal die beperkinge van Bron 2A –V3]*
**Die bron is BEPERK omdat:**
- Dit deur D Goldberg, 'n anti-apartheid-aktivis geskryf is, dus bevooroordeeld/eensydig
- Dit lê slegs klem op die MPLA se oorwinning
- Die taal is bevooroordeeld teenoor Suid-Afrika en Amerika (Kuba en Sowjetunie se bydrae was oorweldigend vir die ondersteuning van die MPLA)
- Die skrywer beeld Suid-Afrika en Amerika as die aggressors (onderdrukkers) uit wat die Angolese hulle onafhanklikheid ontsê het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2B –V1]*
- '… om die wettige belange van die Angolese te vermorsel …'
- ' om 'n skynmarionetregering ('puppet government') daar te stel …' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B –V2]*
- Om hulle as tussengangers te gebruik sodat Amerika nie aktief betrokke was nie
- Suid-Afrika en die Kongo was nader aan Angola
- Beide lande het kapitalisme ondersteun/kommunisme teengestaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B –V2]*
- Die Sowjetunie het tegniese toesighoudende militêre strategieë aangebied
- Die Sowjetunie het sterk ondersteuning gebied omdat hulle een van die supermoondhede was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B –V1]*
- 'Die oorweldigende oorwinning by Cuito Cuanavale …'
- '… die verpletterende (vernederende) opmars deur die magtige front Kubaanse troepe in suidwes-Angola' (2 x 1) (2)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C –V2]*
- Om die rol wat die Verenigde Nasies in die bemiddeling vir vrede in Angola gespeel het na die Slag van Cuito Cuanavale
- Om elk van die lande en verteenwoordigers teenwoordig by die ondertekening van die Driesydige Verdrag te toon
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C –V2]*
- Om te help met die gladde verloop/bemiddeling van die ondertekening van die Driesydige Verdrag
- Om te toon dat die ondertekening van die Driesydige Verdrag internasionaal erken word
- Om ooreenkomste oor die onafhanklikheid van Angola te bespoedig
- Om geldigheid en relevansie aan die proses van die Driesydige Verdrag te verleen
- Om die Verenigde Nasies se mandaat om vrede in die wêreld te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2A en 2C om ooreenkomste te bepaal –V3]*

- Bron 2A noem die lande wat die Driesydige Verdrag (Angola, Kuba en Suid-Afrika) onderteken het en Bron 2C toon die leiers wat die lande verteenwoordig wat die Driesydige Verdrag onderteken
- Bron 2A noem dat die MPLA die regerende party in Angola gebly het na die Driesydige Verdrag in 1988 en in Bron 2C is die MPLA se leier, Dos Santos teenwoordig by die ondertekening van die Driesydige Verdrag
- Beide bronne verwys na die ondertekening van die Driesydige Verdrag in 1988
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D –V1]*

- '… Suid-Afrika …'
- '… Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') …'
- '… National Liberation Front of Angola (FNLA) …'
- '… huursoldate (guerrillas) …'
- '… National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) …'
- '… Zaïrese troepe …' (enige 2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D –V2]*

- Die einde van die Slag van Cuito Cuanavale het onafhanklikheid vir die Angolese moontlik gemaak
- Die nederlaag van die rassistiese regering/Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) was 'n groot oorwinning vir Kuba en Angola
- Dit was die finale aksie wat die einde van die sabotasie/ontwrigting deur die SAW beëindig het
- Die nederlaag van die SAW in die Slag van Cuito Carnavale het tot onderhandelinge gelei wat die weg gebaan het vir politieke stabiliteit in suidelike Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

(a) '… ons kon nooit iemand behalwe die mees junior ministers spreek nie …' (1 x 1) (1)

(b) '… is ons deur die mees senior beamptes ontvang /...en hulle het onmiddellik wat ons ook al wou hê en nodig gehad het, aangebied.' (1 x 1) (1)

2.5.4 *[Verduideliking van historiese konsep in Bron 2D –V2]*

- 'n Kubaanse humanitêre buitelandse beleid wat Kuba se steun aan ander kommunistiese lande bepleit het
- Dit was Kuba se humanitêre buitelandse beleid dat eenheid/solidariteit onder kommuniste wêreldwyd verdedig moes word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne –V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) deur die Kubaanse troepe by Cuito Cuanavale was 'n keerpunt/dit lei tot die onderhandelingsproses in suidelike Afrika (Bron 2A)
- Die Driesydige Verdrag wat aan die einde van Slag van Cuito Cuanavale in 1988 onderteken is, het tot Namibiese en Angolese onafhanklikheid gelei (Bron 2A)
- Die vreedsame onderhandelinge wat deur die Verenigde Nasies gefasiliteer is, het tot die onttrekking van die buiteland uit Angola gelei (Bron 2A)
- Die oorwinning van Kuba wat deur die Sowjetunie ondersteun is by die Slag van Cuito Cuanavale het Suid-Afrika gedwing om om die onderhandelingstafel te sit (Bron 2B)
- Die Verenigde Nasies het die ondertekening van die Driesydige Verdrag gefasiliteer aan die einde van die Slag van Cuito Cuanavale (Bron 2C)
- Die vreedsame onderhandelinge by die Driesydige Verdrag het tot die vestiging van demokrasie in die suidelike Afrika-streek gelei (Bron 2D)
- Die Suid-Afrikaanse regering is geforseer om met die Suid-Afrikaanse bevrydingsbewegings te onderhandel (Bron 2D)
- Die apartheidsregering het in die 1980's beheer en steun verloor – ten kon daarom nie meer hulle bure destabiliseer nie (Bron 2D)
- Dit verhoog Kuba se status as een van die hoof politieke spelers in suidelike Afrika(eie kennis)
- Dit beëindig die destabilisering van die suidelike Afrika streek deur die apartheidstaat(eie kennis)
- Die einde van die oorlog gedurende die slag van Cuito Cuanavale was ‘n terugslag vir die kapitalistiese blok(eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by die Slag van Cuito Cuanavale in Angola in die laat 1980's tot vreedsame onderhandelinge in suidelike Afrika gelei het nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by die Slag van Cuito Cuanavale in Angola in die laat 1980's tot vreedsame onderhandelinge in suidelike Afrika gelei het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by die Slag van Cuito Cuanavale in Angola in die laat 1980's tot vreedsame onderhandelinge in suidelike Afrika gelei het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WAAROM HET BURGERREGTE-OPTOGGANGERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) DIE OPMARS NA WASHINGTON OP 28 AUGUSTUS 1963 GEORGANISEER?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3A –V1]*

- 'Dit is 'n geesdriftige petisie in lewende lywe van die baie duisende burgers van beide rasse wat uit alle dele van ons land teenwoordig sal wees.'

(1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3A –V1]*

- '… ordelik …'
- '… nie onderdanig (ondergeskik) nie'
- '… trots …'
- '… nie arrogant (met 'n groot kop) nie'
- '… geweldloos …'
- '… nie skugter (bang) nie'
- '… verenig wees ten opsigte van doelwitte en gedrag
- '… nie versplinter (verskeurd) nie …'
- '… uitgesproke, maar nie bakleierig (gewelddadig) nie'
- '… om provokasie (aanhitsing) tot wanorde en geweld te weerstaan'
- '… sal onthou dat bose mense vasbeslote is om hierdie Opmars swart te smeer en om die saak van gelykheid in onguns te bring …'
- '… om die saak bo alles te stel.' (enige 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A –V2]*

- Die Ku Klux Klan (KKK)/ wit heersugtiges/segragasionis
- Konserwatiewe mense
- Regse vleuel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A –V2]*

- Om die doelwitte van die Burgerregtebeweging (Civil Rights Movement (CRM)) ten volle te ondersteun
- Om te vermy om enige individu se behoeftes bo dié van die burgerlike samelewing te plaas/ eenheid
- Om die bevordering van die saak van segregasie/diskriminasie in die VSA te staak
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Definisie van historiese term in Bron 3B –V1]*

- Dit verwys na die basiese regte waarop almal geregtig is
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B –V1]*

- '… volle burgerregte vir swartes'
- 'Werk en Vryheid …' (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B –V2]*

- Om die steun vir die Opmars van verskillende lewensfere te toon
- Om te toon dat die Burgerregtebeweging alle rasse ingesluit het
- Om te vra vir meer steun vir die Burgerregtebeweging
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B –V2]*

- Dit bly 'n belangrike toespraak vir die Burgerregtebeweging in die VSA want dit het swart Amerikaners hoop gegee
- Die toespraak het Martin Luther King Jr. beroemd gemaak en tot sy Nobelvredesprys bygedra
- Die toespraak het alle Amerikaners herinner dat hulle volgens die Amerikaanse grondwet almal gelyk is
- Die toespraak is regdeur die wêreld na 'n internasionale gehoor gebeeldsend en meer steun vir die Burgerregtebeweging gebring
- Dit spreek tot die gewete van die VSA-Kongres en lei tot die ondertekening van die Civil Rights Act van 1964
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C –V1]*

- 'Ons eis 'n einde aan polisiewreedheid nou'
- 'Ons betoog vir werk vir almal'
- 'Ons betoog vir geïntegreerde skole nou'
- 'Ons eis stemreg nou'
- 'Ons betoog vir hoër minimum lonedekking vir alle werkers nou'
- 'Geen VS-geld om Jim Crow te laat groot word nie' (enige 2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C –V2]*

- Om die eise wat swart Amerikaners vir hulle burgerregte gemaak het, te toon
- Om te toon dat mans en vroue marsjeer het
- Om te wys dat die optog geweldloos was
- Om te toon dat beide swart en wit Amerikaners die Opmars na Washington bygewoon het
- Om die groot aantal mense te toon wat na Washington opgemars het en na Martin Luther King Jr. se toespraak geluister het
- Toon die vasberadenheid van Swart Amerikaners om gelyke regte te kry
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C om ooreenkomste te bepaal –V3]*

- Bron 3B noem dat 250 000 burgerregte-aktiviste gedurende die Opmars na Washington by die Lincoln Memorial saamgekom het en Bron 3C toon 'n groot aantal mense in die Opmars na Washington/Beide bronne dui op die bywoning van 'n groot skare
- Bron 3B noem dat die optoggangers hulle burgerregte, werk en vryheid geëis het en Bron 3C beeld optoggangers uit wat plakkate dra wat hulle eise uiteensit/Beide bronne verwys na die eise gestel
- Beide bronne beklemtoon die vreedsame aard van die Opmars na Washington
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D –V1]*

- '… wat hulle reg uitgeoefen het om vreedsaam bymekaar te kom …'
- '… die mees wydverspreide aandag moontlik op 'n groot nasionale kwessie te vestig …'
- '… die verskerpte en wydverspreide openbare bewustheid van die behoefte daaraan om vorentoe te beweeg om hierdie doelwitte te bereik …'
- ‘n Mens kan nie help om beïndruk te wees met die diepe vurigheid(passie)en die stille waardigheid wat die duisende gekenmerk het wat van regoor die land in die Nasie se Hoofstad byeengekom het om hulle geloof en vertroue in ons demokratiese regeringsvorm te toon’
- 'verdien ons waardering vir die gedetailleerde voorbereidings wat getref is om dit moontlik te maak en vir die ordelike wyse waarop dit uitgevoer is.'

(enige 2 x 1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D –V1]*

- '… vir die gedetailleerde voorbereidings wat getref is om dit moontlik te maak …'
- '… vir die ordelike wyse waarop dit uitgevoer is …' (2 x 1) (2)

3.5.3 *[Verduideliking van historiese term in Bron 3D –V2]*

- Alle vorms van rasse-ongelykheid in die 1960's in die VSA waarteen die Burgerregtebeweging op 'n geweldlose wyse betoog het
- Skeiding van rasse op velkleur gebaseer, is in die 1960's deur die Burgerregtebeweging in die VSA verwerp
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D –V1]*

- '… die Civil Rights Bill …'
- '… voorstelle om die Manpower Development and Training Program ’
- '… die Youth Employment Bill uit te brei en te versterk'
- '… wysigings aan die beroepsonderwysprogram …'
- '… die stigting van 'n werk-studieprogram vir jongmense van hoërskoolouderdom …'
- '… verstewiging van die bepalings van volwasse basiese onderwys.'

(enige 1 x 1) (1)

3.5.5 *[Vasstel van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3D –V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Die persverklaring is op die dag van die Opmars vrygestel en die volgende dag op ,29 Augustus 1963,gepubliseer
- Dit is geneem uit 'n persverklaring deur die Kantoor van die Withuis-perssekretaris
- Dit is geneem uit 'n verklaring deur die President van die VSA – JF Kennedy wat uiteindelik na die aanneming van die Civil Rights Act gelei het
- Dit beklemtoon hoe President Kennedy die manier waarop die Opmars verloop het, waardeer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne –V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Opmars na Washington is deur burgerregte-aktiviste georganiseer vir werk en vryheid (Bron 3A)
- Om aandag te gee aan die lewensomstandighede (alledaagse kwessies) wat alle burgers raak (Bron 3A)
- Om die drome, aspirasies en gebede van die burgerregte-aktiviste in die VSA uit te druk (Bron 3A)
- Op 28 Augustus 1963, was daar 'n opmars van ongeveer 250 000 mense vir hulle burgerregte na die Lincoln Memorial (Bron 3B)
- Daar was 'n verskeidenheid sprekers en kunstenaars wat die groot skare toegespreek het en beroep gedoen het vir nog meer ondersteuners (Bron 3B)
- Om na Martin Luther King Jr. te luister wat sy beroemde 'I Have 'n Dream'-toespraak by die Opmars gelewer het (Bron 3B)
- Om druk op die VSA regering te plaas om rasse diskriminasie te beëindig(eie kennis)
- Beide swart en wit Amerikaners het aan die Opmars na Washington deelgeneem, wat dit die eerste geïntegreerde opmars in die VSA gemaak her (eie kennis en Bron 3C)
- Die optoggangers het plakkate gedra wat hulle eise uiteengesit het (Bron 3C)
- Die Opmars na Washington was georganiseer om werksgeleenthede te bekom en diskriminasie te elimineer (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van waarom burgerregte-optoggangers in die Verenigde State van Amerika (VSA) die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963 georganiseer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van waarom burgerregte-optoggangers in die Verenigde State van Amerika (VSA) die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963 georganiseer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom burgerregte-optoggangers in die Verenigde State van Amerika (VSA) die Opmars na Washington op 28 Augustus 1963 georganiseer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die tegnologiese superioriteit van die Amerikaanse weermag nie kon help om 'n klein weermag van Viëtkong-guerrillas in die Viëtnamese Oorlog tussen 1962 en 1973 te verslaan nie. Hulle argumente moet met relevante historiese bewyse ondersteun word.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die tegnologiese superioriteit van die Amerikaanse weermag nie kon help om 'n klein weermag van Viëtkong-guerrillas in die Viëtnamese Oorlog tussen 1962 en 1973 te verslaan nie. Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te ondersteun.

### UITBREIDING

- Verdeling van Noord- en Suid-Viëtnam (Agtergrond)
  - ➢ Amerika se eerste ingryping in Suid-Viëtnam – stuur wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste)
  - ➢ Ho Chi Minh-roete en die betekenis daarvan (deur die Viëtminh-kommunistiese guerrillas uit Noord-Viëtnam gebruik om die Viëtkong in die suide te ondersteun)
- Amerika het die 'Safe Village'-beleid/Hamlet-strategie/'Villagisation' (hervestiging van mense in nuwe dorpe) ingestel – probeer om guerrillas van die dorpenaars te isoleer/skei (1962)
  - ➢ Veilige Dorpie-('Safe Village')beleid het misluk want die Viëtkong het in dorpies gefunksioneer
- President Johnson het die Golf van Tonkin-insident en oplossing (1964) gebruik as 'n verskoning vir die eskalering van die weermag
- Amerika het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog was nie
- Amerika het op 8 Maart 1965, 3 500 'marines' (soldate) en grondtroepe na Viëtnam gestuur
- Operation Ranch Hand (1962–1971) – gebruik van chemiese ontblaringsmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) – en Agent Blue (om landbouprodukte en kos te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- President Johnson het Operation Rolling Thunder in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong vinnig te elimineer – ondoeltreffendheid van tegnologiese superioriteit
- Gebruik van chemiese wapens, bv. Napalm-gas het Amerika ongewild gemaak en baie lande het Amerika veroordeel – het die meeste skade aan die omgewing verrig
- Viëtkong het met die Tet Offensief (Januarie 1968) gereageer – verrassingsaanvalle (hinderlae) op 100 Amerikaans-beheerde stede
- Aantal Amerikaanse soldate wat dood is, het toegeneem – lei tot anti-oorlogoptogte in Amerika

- Probleme om guerrillas van dorpenaars te onderskei – boere/kleinboere (guerilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong)
- Hoogs doeltreffende gebruik van guerilla-taktiek deur die Viëtkong
- Amerika stuur jong, onervare soldate na Viëtnam
- Amerika gebruik Soek-en-Vernietig-(Search and Destroy)beleid om dorpies wat die Viëtkong ondersteun, te vernietig – deur guerilla-taktiek verwar
- Amerikaanse gruweldade en My Lai-massamoord (Maart 1968) het openbare mening teen Amerika gedraai – dit het tot 'n groot aantal burgerlike sterftes gelei, wat tot meer steun vir die Viëtkong gelei het
- Noord-Viëtnam het militêre steun by die Sowjetunie en China gekry – sodat die Viëtminh en Viëtkong tot moderne wapens gehad het
- Guerilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtminh uit die noorde en hulle het taktieke gebruik soos fopstelsels, tref-en-hardloop, sabotasie en ondergrondse tonnels – nou/smal vir die Viëtkong-liggaamstruktuur, maar nie vir die groot Amerikaanse soldate nie
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die Amerikaanse soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom. Dit is ook WHAM (Winning the Hearts and Minds of the Viëtnamese) genoem en dit het Amerika se onvermoë om te keer dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking, aangedui
- Amerika het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys Vredesooreenkoms onderteken – wat die Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog beëindig het)
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem
- Viëtnam was onder kommunistiese beheer
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem dat met Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese en kulturele beleide, wat hy na onafhanklikheidswording in die 1960's ingestel het, anti-koloniaal was. Hulle moet hulle argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem dat met Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese en kulturele beleide, wat hy na onafhanklikheidswording in die 1960's ingestel het, anti-koloniaal van aard was. Hulle moet ook in hooftrekke die inhoud beskryf en hoe hulle beoog om hulle argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

**Politieke beleide**

- ➢ Paternalisme – Kongolese is soos kinders behandel – het geen verantwoordelikheid in die administrasie of verteenwoordiging in die regering gehad nie (koloniaal)
- ➢ Politieke partye is verban en met die vinnige Belgiese onttrekking – as gevolg van die 1959 Leopoldville-oproer – is baie politieke partye (wat verskillende streke en etnisiteite verteenwoordig het) gevorm; politieke partye is gevorm volgens streeks- en etniese groeperings (anti-koloniaal)
- ➢ 120 politieke partye het aan die 1960-verkiesing deelgeneem; geen enkele politieke party het 'n volkome meerderheid gehad nie – Patrice Lumumba se Movement National Congolese (MNC) het die meeste setels gewen omdat dit, anders as ander streekspartye, 'n sekere vlak van nasie-wye ondersteuning gehad het (anti-koloniaal)
- ➢ Gebrek aan politieke eenheid

- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklikheid verkry met Kasavubu as President en Lumumba as Eerste Minister. Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is terwyl Lumumba ten gunste van 'n sterk sentrale nasionale regering was
- Die Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin – met Tshombe wat op afskeiding van Katanga vir hulle eie onafhanklikheid gefokus het (in konflik met Lumumba)
- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit te bring (gebaseer op outoritarisme)
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe konstitusie as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR), gegee
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel/ideologie van (Mobutuïsme)
- Mobutu het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak (anti-koloniaal)
- Mobutu is deur die VSA bygestaan omdat hy as 'n antikommunistiese bondgenoot beskou is

- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkome beheer
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang is – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het (anti-koloniaal)
- Sy administrasie het praktyke soos nepotisme en kleptokrasie ervaar
- Mobutu was lewenslange president tot met sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide** (oor die algemeen anti-koloniaal)

  - ➢ Teen onafhanklikheidswording is die Kongo as mees welvarend beskou, maar die ekonomiese rykdom is deur buitelandse eienaars besit

- Het 'n kapitalistiese ekonomie by België geërf/enkelproduk-ekonomie (koloniaal)
- Het aanvanklik die ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders gelaat/groot skeiding tussen opkomende middelklas en landelike klas (koloniaal)
- Die land se ryk natuurlike hulpbronne van koper, kobalt, diamante en ander stowwe het buitelandse belegging gelok
- Nasionalisasie: Mobutu het die land se kopermynboubedryf genasionaliseer en die winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10 jaar-industrialisasieplan te finansier
- Het maatskappye wat deur buitelanders besit is, sonder vergoeding genasionaliseer
- Buitelandse maatskappye is onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas
- Het Zaïrenasie (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) ingestel
- Zaïrenasie het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (het groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep)
- Ekonomiese beleide is deur swak infrastruktuur gekenmerk
- Mobutu se administrasie het kleptokratiese praktyke ervaar waar aangestelde aangewese amptenare hulle posisies vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu is gedwing om 'n retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Die Kongo se ekonomie het as gevolg van inflasie in duie gestort
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank
- Enige ander relevante antwoord

**Kulturele and Maatskaplike/Sosiale beleide** (oor die algemeen anti-koloniaal)

  - ➢ Bevorder elitisme: moedig onderwys van 'n klein elite in 'n Westerse styl van kennis en vaardighede aan (koloniaal)
  - ➢ Swak onderwysstelsel wat nie die Kongolese tot voordeel was nie en hulle ook nie met vaardighede bemagtig het nie (koloniaal)
  - ➢ Frans as onderrigmedium in skole gebruik (koloniaal)
  - ➢ Teen onafhanklikheidswording (1960) het die Kongo 14 universiteits-gegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad

- Kleredrag: die dra van Westerse styl pakke is verbied (deur 'n dekreet) en vervang met 'abacos' ('A bas le costumes'), wat beteken 'weg met die pak' (sosiale status) (anti-koloniaal)
- Mobutu beskou demokrasie as 'n buitelandse ideologie vir Afrika – hy regeer as 'n Hoofman in 'n tradisionele Afrika-styl en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk (anti-koloniaal)

- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het steeds die stedelike elite bevoordeel (koloniaal)
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings het van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 gestyg (anti-koloniaal)
- Toe staatsbefondsing deur Mobutu teruggetrek is, moes ouers begin betaal en primêre onderwys het begin om te daal/af te neem
- Onderwysers en hospitaalpersoneel is vir maande lank nie betaal nie as gevolg van swak ekonomiese praktyke
- Afrika-musiek/-kuns is aangemoedig (anti-koloniaal)
- Nasiebou en eenheid is aangemoedig (anti-koloniaal)
- Afrika-haarstyle is aangemoedig (anti-koloniaal)
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die stelling dat die Swartmagbeweging in die 1960's 'n militante benadering aangeneem het om diskriminasie teen swart Amerikaners in die VSA uit te daag, krities bespreek. Die kritiese bespreking moet in die konteks van wat die Swartmagfilosofie behels het, wees. Hulle moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem oor die benadering wat deur die Swartmagbeweging oor die uitdaging van diskriminasie in die 1960s teen swart Amerikaners in die VSA. Die kritiese standpunt moet op Swartmagfilosofie gebaseer wees en hoe dit die militante benadering, asook swart selfbemagtigingsprogramme aangemoedig het. Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te ondersteun.

**UITBREIDING**
- Toestande in die VSA: (Agtergrondinligting)
  - ➢ Swart Amerikaners was ekonomies en polities onderdruk/belemmer in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
  - ➢ Swart Amerikaners het 'n gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede gehad (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/onvoldoende geriewe)
  - ➢ Swart Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - ➢ Swart Amerikaners is aan polisiewreedheid onderwerp – lei tot groei van nasionalistiese gevoelens – lei tot groei in nasionalistiese gevoelens
- Swartmagbeweging het die Swartmagfilosofie verkondig wat die gees van selfgelding, selfstandigheid, swart trots, beheer van politiek in eie gemeenskappe (verkondig deur Stokely Carmichael) bevorder het; swart Afrikaners moes hulleself teen polisiewreedheid beskerm; swartes moes vryheid van wit mag nastreef; bevordering van Afrohaarstyl en Afrika-kleredrag en het die slagspreuk 'Black is beautiful' uitgedink'
- Malcolm X het selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder (militant)
- Hy het geredeneer dat bloedvergieting vir rewolusie (swart nasionalisme) nodig was en hy het selfrespek en selfdissipline (militant) verkondig
- Bevorder die konsep van Black Pride ('Swart Trots') (selfagting/selfrespek/self-help) (selfbemagtiging)
- Moedig swart Amerikaners aan om hoe ook al teen wit Amerikaanse owerhede op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid (geweld) (militant en selfbemagtiging)
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n middel van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het (geweld) (militant)
- Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van die geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het (geweldadig)

- Verkondig die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy bevorder een plan om die VSA in aparte swart en wit lande te verdeel
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog
- In 1966 het Bobby Seale en Huey Newton die Black Panther-party (BPP) vir Selfverdediging teen Polisiewreedheid (militant)
- Neem Tienpuntplan aan om hulle sosiale/maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te verwesenlik (selfbemagtiging)
- Die BPP het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgewis en leer in skole verbeter (swartbemagtiging)
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid in die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (swartbemagtiging)
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien (swartbemagtiging)
- BPP-lede het strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite (polisieer die polisie) te moniteer en om hulle teen polisiewreedheid te beskerm (militant)
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word (selfbemagtiging)
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou